HOMOFONE en HOMONIEME

★ ***Homofone*** is woorde wat dieselfde klink, maar hul spelling en betekenis verskil:

Die skape wei in die veld.
Ek wy al my aandag aan my skoolwerk.

★ ***Homonieme*** is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word, maar verskil in betekenis:

Die vee wei in die veld.
Ek vee die stoep met 'n besem.

Die volgende woorde klink dieselfde en word dikwels verwar: (jy behoort nou self te weet bv. lei en ly is homofone en lei en lei homonieme)

lei / ly	Lei die tuin nat Lei die span tot oorwinning Lei die hond aan 'n leiband Lei 'n gerieflike lewe Ly aan 'n ongeneeslike siekte Pyn en lyding (NIE lui nie! – word anders uitgespreek en klink dus nie dieselfde nie)
lui	Die telefoon lui. Jy is lui as jy nie wil werk nie.
peil / pyl	Skiet met 'n pyl en boog 'n Atleet pyl op die wenpaal af (soos 'n pyl uit 'n boog) Ek kan sy karakter net nie peil nie. Peil die diepte van die dam (skat en bepaal)
steil / styl	Steil hare is hare wat nie gekrul is nie (d.w.s. reguit). Steil opdraand (*steep*). Die styl van die bed is Victoriaans. Skrywer / atleet se styl
brei / bry	My ouma brei 'n trui (*knit*) Brei 'n bietjie uit op jou antwoord Mense van Malmesbury bry gewoonlik hulle r'e.
dokter / doktor	Die dokter skryf vir jou medisyne voor wanneer jy siek is. doktor = graad in geleerdheid
vee / fee	Vee die trappe met 'n besem. Vee wei in die veld Die fee swaai haar towerstaffie
vonds / fonds	vonds = iets wat jy vind is 'n vonds skoolfonds = geld

ys / eis	Ys is gevriesde water Ek ys elke keer as hy so roekeloos bestuur. Ek eis dat jy na my luister Dien 'n eis by die versekering in.
leun / leuen	Leun teen die muur Vertel 'n leuen = jok
vel / fel	'n Mens se vel bedek jou liggaam Die houtkappers vel die boom neer (omkap) Die son brand fel neer (hewig)
beul / beuel	'n Beul is 'n laksman Hy blaas op 'n beuel
vlei / vly	Daar groei lelies in die vlei Komplimente vlei my Ek vly my neer (saggies en gerieflik neerlê)
vaal / faal	My hare is 'n vaal kleur. Om te faal beteken om nie sukses te behaal nie.
vier / fier	Vier jou sukses / verjaarsdag My boetie is vier jaar oud Die perd se houding is trots en fier.
bot / bod	Bome bot in die lente Karel is bot en gesels min. Maak 'n bod op die vendusie.
graad / graat	Hy het 'n graad in tale by die Universiteit van Stellenbosch behaal. Moenie 'n visgraat insluk nie.
reik / ryk	Reik uit na arm mense. Die ryk man het 'n groot huis gekoop.
reis / rys	Dit sou lekker wees as ons gereeld oorsee kon reis. Ek hou van rys, vleis en aartappels.
bleik / blyk	My hare het gebleik in die son. Dit blyk dat hy skuldig is.

Maak nou jou eie verklarende sinne met die volgende homofone:

end / ent
nood / noot
hard / hart
moed / moet
voed / voet
wed / wet